

Inhoud Hierdie preek wys dat binne die nuwe verbond wat Jesus Christus vir ons waar laat wees, is kindskap dissipelskap. Daarom is dissipelskap vir gelowiges om in en vir God se liefde te leef. Dissipelskap is nie om deur geestelike mentors en leermeesters met skolingskursusse in spirituele ervarings en morele vaardighede geleer en geoefen te word nie. Dit is dissipelskap in die ou verbond – geestelike vakmanskap. In die nuwe verbond leef van die kleinste tot die grootste in die dissipelskap van kindskap.

Skriflesing Hebreërs 8: 6 – 13; 10: 14 – 24. Deuteronomium 28: 1, 2, 15, 16.

Teks Heb. 8: 11 “Niemand sal meer sy medeburger of sy broer onderrig en sê: “Ken die Here!” nie omdat hulle almal My sal ken, van die kleinste tot die grootste.

Tema Christus laat van die kleinste tot die grootste God se liefde ken

1. Ons het vanoggend die voorreg om vir Evhan Joubert te doop. Die vraag wat ons met sy doop moet vra is: Kan ons Evhan as 'n dissipel van die Here doop?

Dit is die kern van die verskille en verwarring oor die sakrament van die doop in die Christelike Kerke vandag wêreldwyd. Die algemeen aanvaarde opvatting is dat ons miskien nog vir Evhan as 'n kind van God kan doop, maar ons kan hom nie as dissipel van Christus doop nie. Dissipelskap is vir grootmense! Daarom behoort ons die doop eintlik uit te hou vir grootmense wat dissipels van Jesus geword het en is die doop nie vir kinders wat nog nie sy dissipels is nie.

Die vraag wat ons teksgedeelte in Hebreërs ontsluit is: “Is dissipelskap van die Here Jesus kindskap of vakmanskap?”

In die Nuwe direkte Afrikaanse vertaling kry ons vir die eerste keer die vertaling van 8 vers 11 soos Martin Luther dit al in 1522 vertaal het: “Hulle almal sal My ken, van die kleinste tot die grootste onder hulle.”

Volgens hierdie teks is Evhan vandag een van die kleinste onder ons en volgens die Woord van die Here, ken hy die Here!

2. Elkeen van u sal nou dadelik somer aangevoel het dat hier het ons nou 'n totaal ander betekenis van die uitdrukking “Ken die Here”, totaal anders as wat ons die uitdrukking gewoonlik gebruik en verstaan.

Hierdie nuwe betekenis is nie sommer maar net as gevolg van 'n nuwe vertaling nie. Dit gaan oor die nuwe beteken van “Ken” volgens die nuwe en tweede verbond van God teenoor die eerste en ou verbond van God.

Christus laat van die kleinste tot die grootste God se liefde ken

Daar is twee verskillende verbonde, of te wel soorte verhoudings, wat God met mense het: 1. die eerste een en die tweede een (Heb. 8: 7) 2. die nuwe een en die een wat verouderd is. (8: 8, 13) 3. die een wat nou regsgeldig is en die een wat gaan verdwyn (8: 6, 13) 4. die tweede een wat meer verhewe en meer uitnemender beloftes het as die eerste een. 5. die eerste een wat nie kan werk nie en die tweede een wat werk. (8: 9)

3. Wat is die eerste en tweede verbond?

Ons mag nooit die fout maak om te dink die eerste een is die Ou Testament en die nuwe een is die Nuwe Testament nie. Hebreërs 8 gee 'n volledige uiteensetting van die nuwe verbond, en hierdie uiteensetting is 'n direkte woordelike aanhaling van Jeremia 31: 31 – 34. Jeremia 31 is dus die uiteensetting van die nuwe verbond. En Jeremia is met hierdie uiteensetting net besig om die verbond van die Here met Abraham in Genesis 12 uit een te sit. Die nuwe verbond is die verbond van die Here met Abraham.

So! Wat is die ou verbond? Hebreërs verwys hier, net soos Paulus in Galasiërs 3: 10, 12 na die verbond soos veroord in Deuteronomium 28. Hierdie verbond klink só: as jy God se gebooie reg gehoorsaam en daarvolgens reg leef, sal God jou seën, maar as jy dit nie reg gehoorsaam en nie daarvolgens reg leef nie, sal God jou vervloek.

Hebreërs stel dat die tweede verbond met Abraham het meer uitnemender beloftes, dit is beloftes wat baie beter werk as die eerste. In die oue word die Here se seën beloop vir gehoorsaamheid aan die wet en vervloeking vir die oortreding van die wet. In die nuwe gee God gehoorsaamheid as gawe. Hy gee sy wet in mense se gedagtes en harte en laat sy wet in hul gedagtes en harte werk. Dit is nie meer 'n voorwaarde wat mense self voor moet sorg nie. In die nuwe een is daar ook geen vervloeking vir ongehoorsaamheid nie, maar net vergifnis en dink die Here nie aan sy kinders se ongehoorsaamheid nie.

Die eerste ou verhouding met God is dus 'n kontrakverhouding. Dit is 'n kontrak van geestelike vakmanskap. As jy 'n bedrewe geestelike vakman in God se wet is sal Hy jou seën, maar as jy 'n swak vakman is, sal Hy jou vervloek.

Die nuwe een is geen kontrak nie. In die nuwe een is daar geen vakmanskap nie. Daar is geen “as jy”, “wanneer jy” “jou deel” nie. Dit is 'n onderneming wat net God maak en laat werk. Hy onderneem dat jy Hom volgens sy wet sal wil lief hê deur die liefde wat Hy aan jou bewys. Hierdie verbond gee jou kindskap en eis nie vakmanskap nie. Daarom stel Hebreërs in 2: 16 dat die Here se liefde vir Abraham se kinders.

4. Wat is die verskil tussen kindskap en vakmanskap?

Christus laat van die kleinste tot die grootste God se liefde ken

Dit is baie eenvoudig.

Kindskap is 'n oefening in die liefde van jou ouers! Om ouers te ken, van die kleinste tot die grootste, is om hul liefde te ken! Om hul liefde te ken is nie 'n vakgebied, studie, 'n geestelike dissipline of 'n spirituele vaardigheid nie. Daar is nie spesiale skole, vakke, handboeke en tegnikons waarheen jy kinders kan stuur om gehoorsaamheid aan ouers te leer en in te oefen nie. Dit is om as kind liefde aan bewys te word en in liefde ingesluit te word. Kindskap is om deel te wees van die liefde waarmee ouers jou omsluit.

Die oefening in kindskap is om die liefde wat bewys word te vertrou en só daarin te leef. Kindskap is om in die liefde te leef, nie wat jy op 'n tegnikon gaan leer het nie, maar wat vandat jy klein is aan jou bewys word.

Wat is geestelike vakmanskap?

Dit is iets anderste. 'n Vakman wat vir jou jou bad kom regmaak, kan nie vir jou sê hy is lief daarvoor en daarom doen hy dit, en al doen hy dit nie reg nie, moet jy hom net aanvaar dat dit sy liefde is en hom kans gee om sy liefde uit te leef nie. Vakmanskap gaan nie om liefde te bewys nie, of in liefde te leef nie, maar om te doen wat jy moet en dit reg te doen.

Dit is nie om liefde wat aan jou bewys word te ken nie. Om dit in die geloof toepaslik te maak beteken dit om geestelik te studeer en geestelik vaardig te word sodat jy geestelik bekwaam is om te kan doen wat jy moet. Dit is vakkundig en vakmanskap.

Volgens die Bybel is dit dan die vakkundigheid van gehoorsaamheid aan God en vakmanskap in gehoorsaamheid aan God.

5. Dit is tog die verskil tussen die ou verbond en die nuwe verbond. Die ou verbond is vakmanskap en die nuwe verbond is kindskap.

In die nuwe verbond gaan dit oor God wat sy liefde aan sy kinders bewys en gee. Dit gaan oor God wat van die kleinste tot die grootste insluit in sy liefde om in sy liefde te deel en te leef met die inhoud soos Jeremia dit aankondig: "Ek gaan jou so lief hê dat my wil in jou gedagtes en hart sal wees deur my liefde wat Ek aan jou bewys. Ek gaan nie deur leermeesters jou leer om My lief te hê nie. En wanneer jy dit nie reg kry om My lief te hê soos Ek dit in jou hart en gedagtes gee nie, sal Ek aan jou oortredings nie dink nie. Vir my het jou oortredings nie gebeur nie."

Daarom gaan hierdie verbond oor hoe om in hierdie vertrou dat ons in sy liefde is, te leef.

Christus laat van die kleinste tot die grootste God se liefde ken

Die ou verbond gaan oor vakmanskap. Dit word in Jeremia op 'n baie besondere wyse beskryf. Vakmanskap gaan oor geestelike kundiges, geestelike mentors en geestelike instrukteurs wat jou moet leer om die Here te ken. En hier is mos nou net 'n totaal ander manier van ken. Dit gaan nie meer om god in sy liefde wat hy geen en bewys te ken nie, maar oor die kundigheid en vaardigheid van gehoorsaamheid aan God op te doen deur leermeesters. Jy moet geestelik kundig en vaardig wees om volgens God se wil reg te leef. Wanneer jy geestelik kundig en vaardig in gehoorsaamheid is, sal hy jou seën, maar wanneer jy geestelik onkundig en onbeheindig is in gehoorsaamheid, sal Hy jou vervloek.

7. Watter verbond het Jesus regsgeldig gemaak?

In die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling kry u 'n baie mooi woord in Heb. 8: 6: regsgeldigheid. Christus gee deur sy offer aan die nuwe verbond regsgeldigheid. Hierdie regsgeldigheid beteken dat dit binne in God regsgeldig is. Jesus Christus se offer maak dat die nuwe verbond werk.

Vir wie is hierdie nuwe verbond regsgeldig? Dit is vir God se kinders. Een offer wat hierdie nuwe verbond vir altyd sal werk. Vir wie? Vir van die kleinstes tot die grootstes! Die offer van Jesus Christus maak dat hierdie nuwe verbond vir God se kinders vir hulle hele lewe lank regsgeldig is. Dit is Hebreërs die kragtige werking van Christus se offer beskryf: "Volgens sy wil is ons heilig gemaak deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, eens en vir altyd." (10:10) "Want deur een offer het Hy hulle wat geheilig word, vir altyd vervolmaak." (10:14)

Vir van die kleinste tot die grootste sal God altyd deur Christus se offer hierdie verbond vir hulle laat werk: "Ek sal julle só lief hê dat julle my sal lief hê en aan julle oortredings in julle liefde vir My sal Ek nooit dink nie."

Jesus Christus het nie die ou verbond regsgeldig kom maak nie! Christus het nie sy offer gebring sodat ons vir ons gehoorsaamheid geseën sal word en vir ons ongehoorsaamheid vervloek sal word nie. Die regsgeldigheid van die nuwe verbond vervang die ou verbond want hierdie verbond kan nooit tussen mense en God werk nie. Die regsgeldigheid van die ou verbond is dat God hulle wat nie gehoorsaam is, ignoreer, dit is, nie lief het nie.

8. Só het die Here gekom om kindskap dissipelskap te maak!

Dissipelskap is om in die nuwe regsgeldige verbond te leef dat God my lief het en in sy liefde laat leef, en aan my oortredings nie dink nie. Dissipelskap is om te leef in God se liefde wat Hy só gee dat klein en groot Hom liefhet.

Dissipelskap is nooit vakmanskap nie. Jesus het nie gekom om in sy lyding en opstanding vir ons die voorbeeld te wees om geestelike soos Hy te wees nie. As Hy

Christus laat van die kleinste tot die grooste God se liefde ken

vir ons 'n voorbeeld is, dan wys Hy ons hoe ons die ou verbond met regsgeldig maak. Ons moet gehoorsaam wees soos Hy! Jesus is glad nie nodig om die ou verbond regsgeldig te maak nie en om 'n voorbeeld te wees hoe om soos Hy te wees help ons niks nie, want ons kan nie só wees en leef nie. En dit is presies net hier waar al die wêreld se geestelike leermeesters en ghoeroes nes maak in ons lewe. Hulle is die mense wat vir ons wys hulle lyk soos Jesus en hulle leef soos Jesus en hulle sal ons leer om dit reg te kry om soos Jesus te wees met hulle moraliteit en spiritualiteit.

Hulle maak geestelike vakmanskap, dissipelskap terwyl Christus kindskap dissipelskap gemaak het.

9. Is Evhan 'n dissipel van die Here Jesus Christus?

Ken hy die Here? Kan hy die Here só ken: Ek is ingesluit in sy liefde want voor ek gebore was, het Hy sy goedheid aan my bewys; Ek is skuldloos vir my sondes vandat ek gebore is tot ek eendag sterwe; Ek is vir God se liefde heilig en hy maak my vir sy liefde heilig deur die offer van Christus; hy gee deur sy liefde vir my in my hart en gedagtes liefde vir Hom. Kan Evhan in hierdie dissipelskap gaan leef? En as dissipelskap kindskap is, dan is die antwoord "ja", want dit is wat God besig is om met hom te doen: Hy laat Evhan nou só sy kind wees! Daarom doop ons hom as kind van God wat in die dissipelskap van kindskap kan gaan leef. Dit is wat sy doop altyd vir hom sal verseker.

As dissipelskap egter vakmanskap is, dan mag ons hom nie vanoggend as dissipel van die Here doop nie. Dan is dissipelskap baie soos skoolgaan.

Miskien verwoord ek met hierdie voorbeeld vir u iets wat ons al almal al lankal pla. Wat nog ons kinders van so tot 3 jaar oud? Ons sê hulle is nie skoolgereed nie. Hulle kan nog nie ken nie en daarom nog nie leer nie. Dan gaan hulle graad RR toe as hulle 4 is. Wat is dit? In Afrikaanse beteken dit voor-voor skool. Hulle moet eers voor-voor skool toe gaan en dan kan hulle op 5 voorskool toe gaan. Voorskool beteken hulle word gereed gemaak om te ken. Dan kom laerskool en hoërskool, en wanneer jy matriek kry vertel hulle vir jou hierdie 14 jaar se kennis help jou niks nie, nou moet jy eers universiteit of kollege toe en dan is dit weer voorgaads, Honneurs, Magister en doktoraal. Nog steeds is dit nie genoeg nie want die besighede sê hulle soek nie hierdie kennis nie, hulle soek kennis wat ervaring is. Dan kom die nuwe besigheidsplan waar jy elke jaar weer nuwe kursusse en opleiding moet bywoon anders mag jy nie werk nie. Só is jou kennis net nooit genoeg nie.

Op ons geloof toegepas beteken dit kinders kan nie die Here se liefde ken tot en met 4 nie want hulle is nog nie leergereed nie. Wanneer hulle voor-voor skool is, kan hulle prentjies van Jesus teken en voor skool liedjies oor Jesus sing, maar nog nie sy dissipels wees nie. Dan kan hulle van Jesus maklike lessies leer oor Jesus van

Christus laat van die kleinste tot die grootste God se liefde ken

graad 1 af leer wat al hoe moeiliker word totdat hulle belydenis van hulle geloof aflê, maar die belydenis tel nie om Jesus te ken nie. Dit is net teorie. Hulle moet ook Jesus prakties ken eers deur bekerings op laerskool en op hoërskool kan hulle dieper ervaring van Jesus deur die gees kry. Maar dit is net die begin. Na skool moet jy leer om soos Jesus te bid met 'n skolingskursus ingebed, soos Jesus getuig met 'n skolingskursus om soos Jesus siele te wen. Dan moet jy 'n skolingskursus kry hoe om soos Jesus te genees, missionaal, versoenend en 'n verteenwoordiger van god te wees. En hierdie geestelike skoling in vakmanskap hou net nooit op nie.

Wanneer kan 'n mens ophou met al hierdie skoling in geestelike vakmanskap en maar net vir en met God in sy liefde saamleef?

Wanneer jou dissipelskap, kindskap is. Dan leef jy van jou klein tot groot is in die liefde van God omdat hy jou sy liefde gee en só laat ken.

10. Hoekom doop ons Evhan?

Die boek Hebreërs het een van die mooiste beskrywings van die doop in die Bybel. Die doop met water is en wys op die besprinkeling van ons harte met die bloed van Jesus om met 'n vrye gewete te gaan leef. Dit is wat die doop verseël wat Jesus Christus vir ons gedoen het: “Deur my liefde sal jy My ken, en daar sal nie skuld wees nie en nie 'n voor-voor skool waar jy my vir die eerste keer gaan leer ken nie. Ek gaan my liefde in jou hart en verstand gee en vir jou sorg dat jy in my liefde sal groot word.”

Wanneer werk 'n kind se gewete? U wat kinders groot maak weet dat dit amper al is voor kan loop. Daar is net 'n aanvoeling van reg en verkeerd. Daarom bevestig die Here dat van die kleinste se harte met die Here se bloed besprinkel is om met 'n vrye gewete groot te word.

Die doop word ook genoem die was van ons liggame met skoon water. Dit verwys na ons sondige begeertes wat deel is van ons lewe vandat ons gebore is. Dit beteken nie dat jy hulle nie gaan hê omdat jy gedoop is nie. Dit beteken dat die Here net nooit só aan ons sal dink nie, as sondaars met sondige begeertes nie. Die Here dink aan ons volgens die belofte van kindskap in Hebreërs 10: 17: “Ek sal glad nie aan hulle sondes en aan hulle wettelose dade dink nie.” die Here reken en sien ons as rein en heilig met die sondige begeertes in ons, deur die bloed van Jesus Christus.

Dit is hoekom ons Evhan doop! Hy dra die verseëling dat die Here sy hart met bloed besprinkel het sodat hy met 'n vrye gewete as kind met die Here kan groot word. Met hierdie vrye gewete mag jy Evhan doen wat 'n kind mag doen – somer net saam met God in sy liefde leef en God lief hê, sonder al die duisende skolingskursusse van al die wêreld se geestelikes wat hom met 'n gevange gewete wil verkneg.

Christus laat van die kleinste tot die grootste God se liefde ken

Sonder net kind wees in god se liefde!

11. Die oomblik wanneer ons sê: “Nee, die doop moet ’n teken wees van bekwaamheid, daar moet darem tog iets van ’n geestelike bekwaamheid soos ’n bekering, soos ’n geestesvervulling of ’n uitbeelding van Jesus wees voor jy kan doop.”, dan sit jy met ’n geestelike dilemma waaruit jy nooit regtig kan kom nie. Dit is juis die geestelike dilemma van die NG Ker, nes die meeste Christelike Kerke wêreldwyd met die teken van die doop.

Wanneer die doop iets van geestelike bekwaamheid moet wees, dan is die vraag: “wanneer en met watter bekwaamheid?” As die doop ’n teken van geestelike bekwaamheid is, doop jy met die eerste bekering, die eerste godsvervulling, die eerste uitbeelding van Jesus of die eerste oorgawe?

Nog meer, wat wys dat ek van nie-geestelike gereed na voor-voor gereed gevorder het, na voor gereed, laerskool of hoërskoolgeestelikheid gevorder het, van voorgraads na nagraadse geestelikheid gevorder het?

Daarom word die doop al meer en meer sommer net weer en weer herhaal of met nuwe seremonies gevier omdat dit nie die vordering in geestelike ontwikkeling kan uitbeeld nie.

Wie die doop ’n teken van geestelike bekwaamhede maak, het die doop ’n teken van die Ou Verbond gemaak: “Jy moet doen wat God sê om deur God geseën te word.” So maak geestelikes die doop en al hulle seremonies eintlik tekens wat God se vervloeking verseël, want as jy nie doen soos God sê wat jy moet doen nie, sal Hy jou vervloek en nie seën nie.

As jou doop ’n teken is van jou kontrak om vir God ’n geestelike vakman te wees, sal God jou vervloek en jou doop die teken van jou vervloeking wees.

Kom ons breek met hierdie onsekerheid in ons harte: “Ek is nie ’n dissipel van die Here nie.” Wie van u kan vanoggend met vrymoedigheid openlik verklaar: “Ek is ’n dissipel van die Here!”?

Hoekom nie? Want dissipelskap is kindskap! Ingesluit in sy liefde! Ons liefde deur Hom vir Hom geheilig! Geoefen in sy liefde! Deel van sy goedheid! Wie? Van die kleinste tot die grootste! Kom ons doop vir Evhan, ’n kind, ’n dissipel van Jesus Christus.